Kwartaallikse nuusbrief van die beheerliggaam

1/2017

Ons skool is vanjaar 40 jaar oud! Die hoogtepunt van die feesvieringe gaan tydens die derde kwartaal wees, maar ons gebruik hierdie jaar ’n spesiale fees-logo.

Ons kry weekliks ’n nuusbrief van alles wat by die skool gebeur en die SBL nuusbrief het ten doel om spesifieke sake onder jou aandag te bring.

Nuwe personeel

Ons is dankbaar dat ons nou weer ’n volle senior bestuurspan het na die aanstelling van Sanet Smit as adjunkhoof. Sanet is al geluk gewens en tuis in die pos. Ons moes ook van ons staatmakers groet wat poste by ander skole aanvaar het en ons beste wense vergesel vir Jan Brits en Barrie de Beer met hulle nuwe uitdagings. Dit is net so lekker om nuwe personeel te verwelkom of om van ons huidige personeel in nuwe rolle te sien. Kom ons ondersteun die Fichie personeel en skep ruimte vir nuwe inisiatiewe.

Nuwe ingange en werk by die skool.

Baie dankie aan ons graad 7 klas van 2015 en 2016 wat ruim bygedra het om al die ingange van die skool op te knap. Die eerste fase lyk pragtig. Ons hoop om gedurende die volgende paar maande nog meer werk rondom die skool af te handel en die parkering te vergemaklik.

Finansies

Die skool se finansiële afdeling funksioneer tans baie effektief. Verskeie nuwe finansiële prosesse en kontroles is ingestel wat akkuraatheid en goeie beheer / bestuur oor die begroting en finansiële transaksies verseker. Die finansiële beleid is gedurende die begin van 2017 deur die finansiële komitee hersien en die toepassing van die beleid word streng nagevolg deur die finansiële afdeling by die skool. Die eksterne oudit vir 2017 het reeds in Februarie plaasgevind en het baie goed verloop. Die skool verwag om, soos in die verlede, ‘n skoon ouditverslag te kry.

Die invorderingsproses van agterstallige rekeninge het aan die begin van 2016 verander. Die skool maak nie meer gebruik van ‘n eksterne invorderaar nie. Soos voorheen gekommunikeer en by begrotingsvergadering besluit, is skoolgeld vooruitbetaalbaar en daarom word die hele jaar se gelde reeds in Januarie gehef. Ouers kan wel onderneem om die skoolgeld in elf gelyke paaiemente te betaal voor

Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za

die 7de van elke maand. Dit is belangrik dat die betalings stiptelik ontvang word. Ouers is op 8 Februarie per skrywe genoem, "Kennisgewing van versuim", in kennis gestel indien die rekening op 7 Februarie nie op datum was nie. Ouers het dan 90 dae om die rekening op datum te bring voordat die volle jaar se skoolgeld oorhandig word aan die prokureurs. Rekeninge wat op 7 Mei agterstallig is, waar geen skriftelike onderneming ontvang is nie, sal dus aan Maree en Vennote prokureurs oorhandig word vir verdere invordering.

State word maandeliks per e-pos uitgestuur, behalwe waar 'n e-pos adres nie beskikbaar is nie. Daardie rekeninge word per hand saam met die leerder gestuur. Op die jaarprogram word aangedui watter datums state na ouers gestuur word. Indien u as ouer nie 'n staat ontvang nie, moet u asseblief die finansiële afdeling in kennis stel.

Die skool het reeds verskeie projekte gedurende die 1ste kwartaal binne begroting afgehandel:

- Die opgradering van twee graad 7 klasse se meubelment, die opgradering van die res van die klasse is in beplanning.
- Aanbring van twee wateropgaardamme met 'n pomp sisteem vir besproeiing van die sportvelde.
- Herstel en verf van gedeeltes van die skoolgebou.
- Aanplant van gras op die krieketkolfblad.
- Aankoop van nuwe rekenaars vir die rekenaarsentrum.
- Aankoop van dataprojektors en witborde vir verskeie klaskamers, die opgradering van die res van die klasse is in proses.

Baie dankie aan die ouers wat getrou hulle skoolgeld betaal. Dit stel die skool in staat om bogenoemde projekte uit te voer en om verpligtinge ingevolge ons begroting na te kom.

Waterprojek

Die damme is opgerig, pype en pompe is gekoppel en die elektrisiteit is aangelê. Ons is nou reg om maksimum gebruik te maak van afloopwater na 'n reënbui en hou duim vas vir nog reën voor die winter. Hartlike dank aan die hele span mense en donateurs wat hard gewerk het om die plan te bedink en dit uitgevoer het. Ons het

nou stoorkapasiteit vir 210 000 liter water met die moontlikheid om nog eenhede by te voeg. Ons benodig 45 000 liter water om ons grasperke net een keer per week te kan natmaak. Die projek is gefinansier deur die waterbesparing van 2016 en ruim bydraes van ouers.

Ons het reeds twee nuwe kolfblaaie aangeplant omdat die voriges tydens die droogte gevrek het.

Ondersteunersklub

As deel van ons 40 jarige fees wil ons weer die Fichie Ondersteunersklub laat herleef. Die doel van hierdie klub is om die skool op verskeie maniere te ondersteun, maar veral met ondersteunersdrag vir ouers by skoolgeleenthede. Ons gee binnekort meer inligting.

Puik prestasies

Ons word weekliks in die nuusbrief op hoogte gehou van pragtige prestasies van ons leerders en opvoeders. Hartlike geluk ook van die beheerliggaam aan al ons presteerders – akademies, kultuur en op sportgebied. Ons is baie trots op elkeen van julle.

Hierdie kwartaal skop ons groot spansporte in alle erns in die ligas af en ons wens hierdie spanne baie sterkte toe. Kom ons ondersteun ons kinders binne die raamwerk van die skool se waardes en daag in groot getalle op!

Beheerliggaam groete

Jaco Deacon

Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za

Meublement oorgedoen

41 REKENAARS MET NUUSTE OFFICE- PAKKET

Buitekant van klasse oorgeverf

KRIEKETKOLFBLAD OP A EN B-RUGBYVELD

OPGAARDAMPROJEK

Fichardtpark Primêre Skool
Beheerliggaam
E-pos: sbl@fichies.co.za